Suid Afrikaanse Jagters- & Wildbewaringsvereniging

South African Hunters & Game Conservation Association

Oosrand Tak **East Rand Branch**

President / Intertak Spanskiet
7 Maart 2020 te Rooikraal Skietbaan

Geagte takvoorsitters en skiet koordineerders

Oosrand Tak bied vanjaar 'n streek skiet aan op **7 Maart 2020** te Rooikraal Skietbaan.

Sluitings datum **19 Februarie 2020** om **12H00**

Die Intertak Span- en Presidentskiet sal gelyktydig aangebied word. Die skuts skiet elkeen op hul eie teiken vir 'n individuele telling wat dan ook gebruik word om 'n spantelling te bereken.

Geen veranderings aan die spanne sal na registrasie toegelaat word nie.

Gebruik asseblief slegs geregistreerde span name.

Spanne en/of skuts van takke buite die streek is ook welkom om aan die skiet deel te neem.

Die getal skuts sal beperk word tot **100**, dus skryf maar vroegtydig in.

Skietstokke sal geweeg word!!

REGISTRASIE

Ons vra dat u en u geselskap [skut of nie skut] asseblief die Vrywarings Registers as ook die baan register die oggend met u aankoms sal teken sowel as die SAJWV tablet.

Registrasie begin reeds om **06h45** die oggend en ons wil stiptelik **07h45** begin met die opening.

Inskiet van gewere sal vanaf **07h00 tot 07h40** op die 100m baan plaasvind. Skuts wat wil instel moet asseblief onmiddelik na registrasie by die 100m baan aanmeld. GEEN Inskiet na die opening nie.

Die program vir die dag

Registrasie:	06h45 - 07h40
Inskiet:	07h00 - 07h40 (geen voertuie op die baan behalwe gestremdes)
Opening, Orde en Veiligheid:	07h45 - 08h00

Vlakte

1ste aflos:	08h15
2de aflos:	09h00
3de aflos:	09h45
4de aflos:	10h30

Bosveld

1ste aflos:	11h15
2de aflos:	12h00
3de aflos:	12h45
4de aflos:	13h30

Punte Verwerking:	14h00
Prysuitdeling:	15h00

SKIETBAANREëLS

SAJWV skietbaan reëls sal van toepassing wees vir die dag se skiet aktiwiteite.
Vergewis u asb van die reëls. Enkele reëls en vra sal hanteer word tydens veiligheids inligting sessie.

Met u inskrywing aanvaar ons dat u die reëls gelees het en onderneem om dit na te kom.

Dispuut komitee kostes beloop R300-00 (terugbetaalbare deposito indien dispuut slaag) en is vooraf betaalbaar

KOSTES

Die kostes per skut beloop **R320-00** vir die President en Intertak Spanskiet.

U inskrywing geld sluit die volgende in:

1. **Elke skut skiet op 'n nuwe teiken Vlakte en Bosveld**
2. **Balkie – deelname President skiet**
3. **Sertifikaat**
4. **Medaljes – 1ste drie plekke per klas**
5. **Balkie – Top 20**

Daar sal verversings en ligte etes **te koop** aangebied word tydens die kompetisie. Ondersteun gerus Landi se Kospit

Bankbesonderhede vir die betaling van inskrywings gelde is:

Bank:	ABSA
Rekening naam:	SAJWV Oosrand
Rekening no:	260 188 267
Takkode:	632 005
Verwysing:	"P" + Lidnommer + Van ("P" + Van, Voorletters indien jy nie n lid nommer het nie)

Ons vra dat u asb die volgende sal saambring:

Vir die skiet:

Vuurwapenlisensies -	NOODSAAKLIK
Skietstokke -	maksimum 2.4 kg wat voldoen aan die SAJWV spesifikasies. Sou jou stokke nie voldoen aan die vereistes nie sal jy nie toegelaat word om dit te gebruik nie.
Oog- en Oor Beskerming -	Is verpligtend en moet self voorsien word.
Geweersakke/ tasse -	gewere te alle tye in sakke/tasse voor en na aflosse
Skietstoel en –mat	

Na afloop van die skiet -

Drinkgoed, U eie stoel, en koelte (bv son sambreel)

Orde reëlings vir die dag:

Indien meer as een van u van dieselfde wapen gebruik maak, vra ons dat u dit duidelik vir ons vooraf sal deurgee sodat ons u in verskillende aflosse kan indeel.

GEEN HANDWAPENS SAL AAN U PERSOON **TYDENS U DEELNAME AAN DIE SKIETOEFENINGE** TOEGELAAT WORD NIE. DIT BETEKEN DAT U WEL 'N VEILIG VERKLAARDE HANDWAPEN VOORAF EN NA AFLOOP VAN U SKIETOEFENINGE MAG DRA. ALLE HANDWAPENS **MOET** VEILIG VEKLAAR WORD DEUR DIE BAANOFFISIER TYDENS REGISTRASIE VANAF 06h45

SELFONE MAG SLEGS TYDENS SKIETOEFENINGE GEBRUIK WORD OM BALLISTIESE PROGRAMME TE GEBRUIK. ONS VRA VRIENDELIK OM DIE FOON OP "SILENT" TE SIT GEDURENDE DIE SKIETOEFENINGE

Kom geniet die dag saam met ons

Groete
Oosrand Komitee

Kontak personne
Charl - 0813790153, Toni - 0832989196 of Pieter - 0832898543